Uitreik na gemeenskap - Sondag 14 April 2019 om 09:30

Direk na die 08:30 Informele diens, om ongeveer 09:30, reik ons as gemeente saam uit na ons plaaslike gemeenskap. *Ons wil graag mense in ons gemeenskap bedien met die liefde van ons Here en só 'n verskil maak.*

Die hele gemeente (individue en gesinne) word opgeroep om daaraan deel te neem. Kleingroepe in die gemeente (Bybelstudie-; sel-; dissipelskap-; kategese-; jeug-; bedieningsgroepe) word uitgenooi om dié dag saam met een van onderstaande groepe uit te reik, of eie inisiatief te neem en eie uitreike te doen.

Die nodige inligting word nou reeds verskaf sodat jy vroegtydig kan besluit waar jy wil gaan dien. Kontak gerus die koördineerder van die uitreikgroep indien jy meer inligting verlang - of 'n finansiële bydrae wil maak vir middele wat aangekoop moet word. Indien moontlik, help asb ook die betrokke dag met vervoer. Jy hoef niks voor die tyd te reël nie - kom skakel net in en wees deel van God se beweging!

Plek / Aksie	Wat gaan ons doen	Koördineerder	Bymekaarkom-plek by kerk
Groenkloof versorgingseenheid	Besoek en bemoedig die ouer mense – deel kaartjies en muffins uit. Kontak Nora as jy kan help met voorbereidings, muffins of bydraes.	Nora de Wit 082 375 3060	Voor die hek van die "Tuin van Herinnering"
Emmers van Hoop - Geelhoutboom	Reik met Emmers van Hoop uit na die gemeenskap van Geelhoutboom, waar Andre Buitendag werk, en bedien hul met 'n Emmer van Hoop. Voer gesprekke en bou verhoudings	Charl du Plessis 083 286 3291	Parkeerterrein – by ingang van Kategeselokale
Karwagte by Victoriabaai	Ons reik uit na die karwagte by Victoriabaai	Tania Coetzee 084 339 5064	Parkeerterrein op Stevenstraat erf (Oos -links)
Petroljoggies	Reik uit na die joggies op diens by vulstasies. Bring 'n kort boodskap end eel 'n Jesus film op DVD aan hul uit.	Jacques Naude 083 630 9456	Parkeerterrein op Stevenstraat erf (Wes -regs)
Betesda	Besoek pasiënte wat herstel na operasies en wat terminal siek is en bedien hul met Jesus se liefde. Verdere inligting by Hennie Rossouw.	Hennie Rossouw 0830654 3703	Parkeerterrein – grasperk langs Meyerstr
Bediening aan Haweloses – op parkeerterrein by Ackermans vanaf 08:30 - 09:30	Ondersteun die projek waar Sop en die Woord aan haweloses gebring word. Voer gesprekke en bedien met 'n Pakkie van Hoop. (Aangesien dié bediening tydens 'n vaste tyd plaasvind skakel ons volledig by hul tydgleuf in en sal dit dus nie moontlik wees om ons erediens by te woon nie). Kort boodskap om 8:15 - daarna vind die bediening plaas.	Andre Olivier 082 551 8900	Beweeg op eie tyd en met eie vervoer na die bedieningspunt by Ackermans in Meadestraat
Siekes	Besoek siek persone op Gemeente Bulletin se lys	Eie inisiatief	
90 jaar en ouer	Kry name vooraf by Martie by Kerkkantoor (044 871 1338)	Eie inisiatief	
Tuiniqua aftreeoord	Besoek en ondersteun inwoners en bedien hul met die liefde van die Here.	Elsia Bester 083 227 2766	By bankies op grasperk (voor die kombuis)
Algemeen	Besoek, bemoedig en bid vir mense in hospitale; aftreeoorde; persone wat alleen is; bedroef is … soos die Here dit op jou hart druk	Eie inisiatief	